

Dinsdag 25 Februarie

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 29:1-36

Fokusgedeelte: 2 Kronieke 29:17

Hiskia herstel die tempeldiens

Die HERE se toorn het oor Juda en Jerusalem gekom omdat hulle nie die tempeldiens in stand gehou het soos Hy hulle beveel het nie. Hiskia besef dit en daarom herstel hy die tempeldiens aan die HERE. Hy dink nie sy eie planne uit oor hoe hulle die HERE moet aanbid nie, maar hou hom by die HERE se voorskrifte.

Ook in die manier waarop die tempel gereinig is, het Hiskia hom by die HERE se voorskrifte gehou, daarom was dit die priesters wat die reinigingswerk gedoen het. Nadat die tempel gewy is, is daar offers gebring vir die koningskap, die heiligdom en Juda – al drie hierdie groepe was betrokke by die afvalligheid wat onder Agab begin het.

Daar is nie net vir Juda nie, maar die hele Israel geoffer. Hiskia het hom beywer vir 'n verenigde koninkryk. Die volk se reaksie was aanbidding en die vreugdevolle sing van psalms. Die volk kon weer offers bring! Deur die offers het die HERE hulle aan die hand gelei na die Messias wat sou kom. Die Een wat Homself as die volmaakte offer sou gee om ons ewig met God te versoen. Die volk was bly oor wat God vir hulle berei het. Hulle was bly daaroor om Hom te aanbid soos Hy sê.

Vandag reageer ons op dieselfde manier op die HERE se genade. Ons reageer met aanbidding en lofprysing. Ons vind ons vreugde daarin om te doen wat die HERE sê. Ons bring nie meer allerhande offers nie, want ons is deur Jesus Christus se offer ewig aan God gewy.

Moenie vir jouself lewe nie, lewe vir die HERE! Moenie jou eie kop probeer volg nie, maar dien die HERE soos Hy in sy Woord sê. Dit is op hierdie manier wat ons vir Hom wys dat ons Hom liefhet.

Sing: Psalm 118-1:13, 14

Ds. GP van Rhyn (Gerhard) (Komatipoort)